# SARS DOEN 'N BEROEP OP WERKGEWERS OM DIE SPERDATUM NA TE KOM

**Tshwane, Maandag 29 Maart 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) doen 'n beroep op alle werkgewers om hulle wetlike verpligtinge na te kom deur akkurate inligting in te dien gedurende die jaarlikse belastingseisoen vir werkgewers vanaf 1 April tot 31 Mei.

Daar word van werkgewers vereis om hul Werkgewer Rekonsiliasie Verklaring (EMP501) by SARS in te dien teen 31 Mei, asook uitstaande maandelikse verklarings (EMP201) en jaarlikse rekonsiliasies (EMP501).

Werknemersbelasting (LBS) betalings moet op datum wees en die data aan SARS verskaf moet duidelik en akkuraat wees. Die korrekte data is belangrik, sodat SARS opgawes korrek kan vooraf-voltooi en werknemers hul persoonlike inkomstebelastingopgawes kan indien met die korrekte inligting gedurende die belastingseisoen vir individue.

Werkgewers moet ook 'n IRP5/IT3(a) aan elke werknemer betyds uitreik, om werknemers in staat te stel om hul persoonlike inkomstebelastingopgawes betyds in te dien.

SARS versoek dat werknemers hul besonderhede op die IRP5/IT3(a) nagaan om seker te maak dat dit korrek is.

Verskaffers van derdepartydata, soos mediese skemas, word ook vereis om akkurate inligting by SARS in te dien en aan hul kliënte te verskaf.

Hierdie is belangrike vereistes, sodat SARS 'n stroombelynde en sorgvuldige diens aan belastingpligtiges kan lewer, soos vereis deur ons doelwit om die makliker te maak vir belastingpligtiges om hul verpligtinge na te kom.

Werkgewers, belastingpraktisyne en salarisrol-administrateurs moet die nuutste weergawe van e@syFile aflaai. Dit is 'n kanaal wat SARS bied om werkgewers in staat te stel om hul EMP501'e elektronies in te dien. SARS moedig kleinsake-ondernemings om hierdie platform te gebruik en so van ongerekenariseerde na geoutomatiseerde salarisrolstelsels oor te skakel.

Eerstekeer-werksoekers kan deur eFiling vir persoonlike inkomstebelasting registreer. Dit neem minder as 24 uur om 'n SMS met 'n nuwe belastingnommer te ontvang wanneer jy deur eFiling aansoek doen.

Om boetes en rente te vermy, moet werkgewers hul jaarlikse rekonsiliasie verklarings by SARS indien teen 31 Mei 2021.

Vir meer inligting oor Werkgewers Belastingseisoen, besoek die SARS-webtuiste www.sars.gov.za.